

**Vrydag 16 Februarie**

**Skrifgedeelte: Hosea 8:1-8, 13**

**Fokusgedeelte: Hosea 8:4, 13**

## Ware godsdiens is nie selfdiens nie

In sy getrouheid en liefde waarsku die Here vir Israel – die waarskuwingsbeuel word geblaas. Die roofvoël (Assirië) draai reeds om Israel, gereed om op sy prooi af te skiet. Hulle lewe onder die waan dat niks sal gebeur nie, omdat hulle Israel is wat God ken en kwansuis aan Hom toegewyd lewe (:2).

Tog wys die Here daarop dat hulle kwansuis-godsdiens aan Hom eintlik selfgodsdiens is. Met die mond bely hulle, maar hulle vertaal nie die belydenis in die praktyk van hulle lewe in nie. Hulle stel naamlik konings aan sonder om die Here te raadpleeg, en stel leiers aan wat die Here nie erken nie. Hulle maak selfs vir hulle afgode onder die voorwendsel dat hulle die Here dien. Eintlik dien hulle hulself. Hulle bring offers om hulleself te bevredig en bring vleis sodat hulle dit self kan eet (:13).

Die Here roep ons vandag deur sy Woord op tot die diep vraag of ons nie maar eintlik net ter wille van onself met God besig is nie. Ons kan 'n mooi belydenis hê, maar as ons dit nie in die praktyk van ons lewe toepas nie, kom dit op niks meer as selfdiens neer nie.

Selfdiens was die kern van die Baaldiens van daardie tyd, en is steeds die kern van die valse godsdiens van die dag. Dit lê onder andere aan die wortel van die aantreklike voorspoedsgodsdiens wat wyd verkondig word.

Dit is eers wanneer God sy Seun na die wêreld stuur dat ware Godsdiens en toewyding aan Hom vir die mens duidelik word. Dit is sigbaar nie net in Jesus se voorbeeld van on-baatsugtige diens aan sy Vader nie, maar ook in die totale opoffering van sy lewe aan die kruis. Hierdeur maak Hy dit vir ons moontlik om God waarlik te ken en te dien. Nie ter wille van ons nie, maar ter wille van God.

*Sing: Skrifberyming 2-2:1*

*Ds. HS (Fanie) Coetzee (Potchefstroom Die Bult)*